**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 368/2007

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**OLEHILE HERCULUS MATSHEKA**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | KRUGER R, *et* BLOEM WND R |
| **UITSPRAAK:** | BLOEM, WND R |
| **GELEWER OP:** | 6 SEPTEMBER 2007 |

---

[1] Hierdie is 'n hersiening. Volgens die oorkonde was die beskuldigde aangekla daarvan dat hy die bepalings van artikel 65(1)(a) gelees met artikel 89 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (No. 93 van 1996) oortree het deurdat hy op 9 Maart 2007 en op die N8 hoofpad in die distrik van Botshabello wederregtelik en onwettig 'n voertuig bestuur het terwyl hy onder die invloed van sterk drank of 'n verdowingsmiddel wat 'n narkotiese uitwerking het was. Hy het skuldig gepleit en was gevonnis tot 30

maande gevangenisstraf. Hy was ook onbevoeg verklaar om ‘n vuurwapen te besit ingevolge die bepalings van artikel 103(1) van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (No. 60 van 2000). Verder was sy bestuurderslisensie opgeskort vir twee jaar ingevolge die bepalings van artikel 35(1)(c) van die Nasionale Padverkeerswet.

[2] Ek het bedenkinge gehad of die skuldigbevinding ooreenkomstig die reg geskied het. Die landdros se redes vir die skuldigbevinding en vonnis was daarom na die Direkteur van Openbare Vervolgings en die Regshulpraad gestuur vir hul opinie en moontlike beredenering in die hof. Ek is dank verskuldig aan Mnr. Chalale van die Bloemfonteinse kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings vir sy opinie oor die skuldigbevinding en vonnis. Dieselfde kan egter nie van die Regshulpraad gesê word nie omdat ek nie enige terugvoering van daardie kantoor ontvang het nie. Telefoniese navrae het nie gehelp nie.

[3] Na verdere oorweging van die verrigtinge in die landdroshof, die landdros se vermelde redes en Mnr. Chalale se insette blyk dit dat die skuldigbevinding ooreenkomstig die reg geskied het. Die beskuldigde se skuldigbevinding moet derhalwe bekragtig word. Ek handel vervolgens met die vonnis.

[4] Die beskuldigde is 42 jaar oud. Hy is geskei en onderhou sy vrou, 3 minderjarige kinders en ‘n ander kind wat op Technikon is. Hy was vir 10 jaar ‘n staatsamptenaar maar sy dienste was om mediese redes beëindig. Hy verdien tans ‘n pensioen van R1 200,00 per maand. Hy het verder genoem dat hy òf goedere òf mense vervoer om sy inkomste aan te vul. Ongelukkig was hy nie gevra hoeveel geld hy deur sodanige besigheid verdien nie. Dit moet genoeg wees om hom in staat te stel om onderhoud van R2 000,00 per maand aan sy kinders te betaal. Die beskuldigde is ‘n eerste oortreder wat skuldig gepleit het.

[5] Die beskuldigde het hom skuldig gemaak aan ‘n ernstige misdryf. Hy het op ‘n dubbele sperstreep ‘n bus verby gesteek. Dit is alom bekend dat die pad waar die misdryf gepleeg was ‘n verskriklike besige pad is wat bekend is vir padongelukke. Die beskuldigde was aangekeer omdat ‘n verkeersinspekteur vanaf die teenoorgestelde rigting gery het. Hy en twee bestuurders voor hom moes hul voertuie na links swaai om die beskuldigde toe te laat om die bus verby te steek om ‘n ongeluk te vermy. Die verkeersinspekteur het omgedraai, die beskuldigde gevolg en hom gearresteer.

[6] Die landdros beklemtoon dat die beskuldigde sterk onder die invloed van drank was toe die misdryf plaasgevind het. Hy sê dat die beskuldigde op die betrokke dag soos ‘n potensiële moordenaar opgetree het. Dat die beskuldigde aan ‘n ernstige misdryf skuldig is is gewis. Hoewel die beskuldigde ‘n ernstige misdryf gepleeg het is ek van mening dat die opgelegde vonnis in hierdie saak buite verhouding is met die gangbare vonnisse wat opgelê word

op soortgelyke misdrywe.

[7] In aggenome die erns en die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg was, die persoonlike omstandighede van die beskuldigde en die belange van die gemeenskap is ek van mening dat 'n stywe boete gepas is. Ek stem nie saam dat 30 maande gevangenisstraf gepas is nie. Dit was ook nie nodig om die beskuldigde se bestuurslisensie op te skort nie as 'n mens sou kyk na die rede waarvoor hy sy bestuurslisensie gebruik. Die opgelegde vonnis is buitengewoon swaar en verg ingryping deur hierdie hof.

[8] Na my mening is 'n gepaste vonnis 'n boete van R6 000,00 of ses maande gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort word vir drie jaar. Dit was nie nodig om die beskuldigde se bestuurslisensie op te skort nie.

[9] Vir bogenoemde redes:

9.1 word die skuldigbevinding bekragtig; en

9.2 word die vonnis tersyde gestel en vervang met die

volgende:

"Die beskuldigde word gevonnis tot 'n boete van R6 000,00 of ses maande gevangenisstraf waarvan die helfte vir drie jaar opgeskort word op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikel 65(1) van die Nasionale Padverkeerswet, 1996, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie."

9.3 Die vonnis word ingevolge artikel 280 van die Strafproseswet, 1977 (No. 51 van 1977) geag opgelê te gewees het op 11 April 2007.

**G. H. BLOEM, WND R**

Ek stem saam.

A. **KRUGER, R**

/em